WEES LIG. LEEF LIG.

Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

Sondag 9 Maart 2025
Tema: **Vertoef: vry en lig**

"Julle sal rus kry vir julle gemoed "
Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly."

OPENING

Vertoef by God met sagte rustige musiek en wees net by Hom. Deel daarna met mekaar jul lief en leed. Bid ook vir die behoeftes van ons gemeente se stuurselle, asook Hulp en Hoop.

Kyk gerus na Johan Smit se 8 dae nadenke:

Sondag 9 Maart 2025
Tema: **Vertoef: vry en lig**

Ons teks vir hierdie reeks is Mat.11:28

MATTEUS 11:28-30

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."
In die Boodskap / Message*:*
Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you.
Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly.

Notas

KOM ONS LEES PSALMS 27
Die Here is my Lig en my Redder, van Dawid.
":1 Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees?
Die Here is my toevlug,vir wie sou ek vrees?
:4 Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.
:8 Ek onthou wat U gesê het:"Julle moet My kom dien!"Ek is hier om U te dien, Here.
:10 Al sou my vader en my moeder my verlaat,die Here sal my onder sy sorg neem.
:11 Leer my u wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie.
:13 As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie ...!"

Sondag 9 Maart 2025
Tema: **Vertoef: vry en lig**

Ons staan by die voordeur van lydenstyd waartydens ons ook hier by Jesus wil leer hoe om ligter te wees en ligter te leef.
Psalm 27:1 sê, “Die Here is my Lig en my Redder, vir wie sou ek bang wees?”
Wat beteken hierdie woorde vir julle as ons dink aan die pad wat Jesus enduit gestap het?

Notas

Sondag 9 Maart 2025
Tema: **Vertoef: vry en lig**

Kyk bietjie waar vertoef Dawid in vers 5
“Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis, my veilig laat skuil in sy woonplek, my hoog op 'n rots laat staan.”
Waar, wanneer en hoe skuil ons vandag by die Here?

Notas

Watter betekenis het vers 4 vandag in mense se lewens en hoe kan dit hulle help om ligter te leef?
“Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.”

Notas

Sondag 9 Maart 2025
Tema: **Vertoef: vry en lig**

VERDERE GESPREK

- Om te vertoef het ook te doen met tydbesteding. Hoe lyk my tydbesteding met God?
- Om vry te leef laat my uitroep en bely soos Dawid, “Die Here is my lig en my Redder!”
- As ek net een ding moet najaag in die lewe, wat sal dit wees?

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan julle byvoeg uit Sondag se eredienste op ons kampusse?

Notas

Sondag 9 Maart 2025
Tema: **Vertoef: vry en lig**

MAAK VAS

- Loof, prys en eer God vir Sy beskerming en redding.
- Dank Hom dat ons nie mense hoef te vrees nie, maar dat Hy ons toevlug is.
- Leer my Here om U wil te soek en dit te doen met my hele hart, soos U die wil van U Vader gedoen het.

Gebed
Kies ‘n psalm en bid dit as loflied tot eer van die Here.

Amen